higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

30 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 C
1.4 A
1.5 C
1.6 A
1.7 A
1.8 B
1.9 C
1.10 D
1.11 B
1.12 D
1.13 D
1.14 D
1.15 C
1.16 A
1.17 B
1.18 D
1.19 B
1.20 A
1.21 A
1.22 D
1.23 D
1.24 B
1.25 C

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Onwaar
2.10 Onwaar
2.11 Waar
2.12 Waar
2.13 Onwaar
2.14 Onwaar
2.15 Onwaar

Kopiereg voorbehou

2.16 Waar
2.17 Waar
2.18 Waar
2.19 Onwaar
2.20 Waar
2.21 Onwaar
2.22 Onwaar
2.23 Waar
2.24 Onwaar
2.25 Waar

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

3.1 H
3.2 R
3.3 N
3.4 K
3.5 I
3.6 M
3.7 S
3.8 L
3.9 Q
3.10 P
3.11 F
3.12 B
3.13 T
3.14 E
3.15 O
3.16 C
3.17 A
3.18 G
3.19 D
3.20 J

(20 × 2) **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 'n Voorskot is geld wat vir opnamedoeleindes aan 'n nuwe kunstenaar gegee word.

4.2 Die wins is die geld wat uit verkope gemaak is, sonder die opnamekoste.

4.3 'n Termyn is die tydperk waartydens 'n kunstenaar deur 'n opnamemaatskappy gekontrakteer is.

4.4 Terugvalling/reversie is die hertoewysing van musiek aan die skrywer.

4.5 'n Liedjieskrywer is 'n persoon wat musiek skryf en dit tydens die gekontrakteerde termyn aan die uitgewer gee.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 150

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **Persoonlike bestuurder:**

- As die hoof uitvoerende beampte van die professionele span,✓✓ is die persoonlike bestuurder in beheer van die toer.✓✓ Hy/sy maak seker dat jy op die regte toer is,✓✓ dat jou agent die beste moontlike ooreenkomste vir jou aangaan✓✓ en as die toer eers fisies gereël is✓✓, dat dit gebeur.✓✓

Hy/sy:

- moet die vervoer van mense en die toerusting koördineer.✓✓
- huur die geselskap en verseker die gladde funksionering van die geselskap/spanne✓✓
- bespreek hotelle✓✓
- samel die geld in tydens die toer✓✓
- onderhandel met en hou toesig oor die promotors✓✓ (die mense wat jou huur, die saal huur, die optrede adverteer, ens) ✓✓
- hanteer onvoorsiene omstandighede, soos ontbrekende toerusting, onvanpaste reklame, datums wat nie goed verkoop nie, sekerheidsbreuke, ens✓✓

- Met groter kunstenaars, word baie van hierdie pligte na 'n toerbestuurder en/of toerrekenmeester gedelegeer.✓✓ Die persoonlike bestuurder bly egter steeds op die ou end verantwoordelik.✓✓

Sakebestuurder/besigheidsbestuurder:

- Die sakebestuurder is in beheer van al die finansiële aspekte van die toer.✓✓ Hierdie werk begin lank voordat die toer begin,✓✓ wanneer daar beraam/voorspel✓✓ word wat die inkomste en uitgawes behoort te wees,✓✓ en wanneer daar voorsien word of jy 'n wins of verlies gaan maak.✓✓ As jy in 'n nuwe groep is, maak hierdie inligting dit vir jou moontlik om na die opnamemaatskappy/platemaatskappy te gaan en vir toerondersteuning te vra.✓✓ Dit help in alle opsigte dat daar nie onaangename verrassings langs die pad opduik nie.✓✓
- As die toer eers op dreef is, is die sakebestuurder verantwoordelik daarvoor dat al die toerpersoneel,✓✓ (d.i. die mense wat die toerusting opstel, diegene wat toesig oor die geselskap hou, ens.) wat op die betaalrol is✓✓ betaal word.✓✓ Hy/sy maak ook seker dat jou optredefooie van die promotors ontvang word✓✓ (dit word fisies deur die toerbestuurder gedoen as jy een het)✓✓ en dat die rekeninge vir die reis, hotelle, kos ens. betaal word.✓✓ Dit is ook sy/haar verantwoordelikheid om seker te maak dat die toer nie oor die begroting gaan nie.✓✓ (30 × 2) (60)

5.2 Rol: Soos die titel aandui, is dit die musiekopsiener se werk om al die musiek vir die film (behalwe die agtergrondmusiek) te koördineer.✓✓ Hy/sy bespreek eers – ideaal voor die produksie – met die produksieleier/produsent en regisseur watter tipes musiek nodig is.✓✓ Indien die film 'n musiekrolprent/musiekblyspel is of swaar op musiek steun (soos 'n dansfilm), moet die musiekopsiener voor die tyd betrek word.✓✓ Die rede hiervoor is dat liedjies wat verfilm word vooraf opgeneem moet word,✓✓ wat beteken dat dit voor die verfilming in 'n opnameateljee gedoen word (en slegs met die lipbewegings gesinchroniseer word/gelipsink word, of dat daar daarop gedans word).✓✓ Dit is moeilik om op 'n liedjie te dans wat nog nie opgeneem is nie.✓✓

Nadat hy/sy met die regisseur en produksieleier vergader het, maak die musiekopsiener voorstelle vir kunstenaars, liedjieskrywers ens. vir die film.✓✓Die regisseur en produksieleier/produsent neem die finale besluite, en die opsiener hou dan toesig oor die hele proses om seker te maak dat dit uitgevoer word.✓✓ Hy/sy kontak die kunstenaars, reël vergaderings met die filmpersoneel, onderhandel en struktureer ooreenkomste✓✓ of hou toesig oor die onderhandeling en strukturering (dit hang af die opsiener en die filmmaatskappy), en hou toesig oor die opnamesessies.✓✓ As dit behoorlik gedoen word, is dit 'n moeilike werk om 'n musiekopsiener te wees.✓✓

Goeie musiekopsieners is hul gewig in goud werd.✓✓ Hulle gebruik hul kontakte vir gunste en om moeilike situasies uit te stryk, en kry musiek in die film wat andersins nooit daar sou wees nie.✓✓ Musiekopsieners verenig musiek en films op 'n kreatiewe wyse, wat nie 'n maklike taak is nie, en smee die twee bedrywe op sakevlak saam.✓✓ Om al hierdie redes word die top musiekopsieners goed betaal.✓✓

Fooie: Musiekopsieners verdien tussen $150 000 en $300 000 per rolprent (soms selfs meer).✓✓ Die top opsieners kry ook tantièmes op die klankbaanalbum – gewoonlik in die omstreke van 2 to 3% van die kleinhandelprys, nie pro rata nie.✓✓ Daar mag ook eskalerings van 0,25% of 0.5% teen 500 000 of 1 miljoen eenhede wees.✓✓ Hierdie tantièmes word in die toekoms betaal, ná die verhaling van alle kostes, op dieselfde tyd wat die filmprodusent betaal word.✓✓ Daarbenewens kan daar loketbonusse wees, gebaseer op die bruto opbrengs van die rolprent.✓✓ (40)

[100]

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Gedrukte musiek: Die meeste gedruktemusiek-inkomste kom van bladmusiek (die gedrukte musiek van 'n enkele liedjie)✓✓ en folios (versamelings van liedjies, soos Die Grootste Treffers van die Tagtigs, Die Volledige Led Zeppelin ens.✓✓ Versamelings van liedjies van 'n aantal verskillende kunstenaars en skrywers staan bekend as gemengde folio's.✓✓ 'n Ander gewilde tipe is 'n bypassende folio, wat by die album pas.✓✓

Tantièmes: Die outeursgeld wat aan 'n uitgewer betaal word vir enkelliedjiebladmusiek is 20% van die gemerkte kleinhandelprys.✓✓ Die tantièmes op folio's is 10 tot 12,5% van die gemerkte kleinhandelprys.✓✓ 'n Persoonlikheidsfolio het die foto van die uitvoerende kunstenaar prominent daarop, byvoorbeeld Tina Turner's Greatests Hits.✓✓ 'n Bypassende folio is ook 'n persoonlikheidsfolio.✓✓ Vir 'n persoonlikheidsfolio, is daar 'n bykomstige tantième van 5% van die gemerkte kleinhandelverkoopprys vir die gebruik van die naam en beeltenis van die kunstenaar,✓✓ en dit gaan aan die kunstenaar, wat dieselfde persoon as die liedjieskrywer mag wees, of nie.✓✓

Termyn: Die lisensies vir gedrukte musiek (behalwe liriek-herdrukke) is vir beperkte tye geldig – gewoonlik drie tot vyf jaar.✓✓ Mens moet derhalwe uitspel wat die drukker aan die einde van die termyn daarmee kan doen.✓✓ Hulle kan uiteraard nie meer inventaris vervaardig nie,✓✓ maar kan aanhou verkoop wat hulle het.✓✓

Hierdie lisensies gee gewoonlik vir die drukker 'n nie-eksklusiewe reg✓✓ (wat beteken dat iemand anders dieselfde materiaal in dieselfde tydperk kan verkoop) om hul bestaande voorraad vir 'n tydperk van ses tot twaalf maande na verstryking van die termyn te verkoop.✓✓ Aan die einde van die ses tot twaalf maande moet hulle enigiets wat oor is wegdoen.✓✓ Die drukkers probeer om vir folio's wat baie duur is geen tydsberking op hul verkoopregte te hê nie.✓✓

Wanneer jy hierdie ooreenkomste aangaan, maak seker dat daar geen opgaring van voorraad, storting or noodverkope/verkope onder druk (Engels: 'distress sales') is nie.✓✓ Voorraadopgaring is wanneer die drukker 'n klomp eenhede reg voor die einde van die termyn vervaardig,✓✓ sodat daar baie inventaris is om na afloop van die termyn te verkoop.✓✓ Jou nuwe drukker sal nie daarvan hou as die mark reeds oorvloei is met dieselfde boeke/items wat hulle probeer verkoop nie.✓✓ Mens verhoed dit deur te sê dat die drukker slegs genoeg kan vervaardig om aan hul redelike verwagte behoeftes tydens die termyn te voldoen.✓✓ Storting en noodverkope/verkope onder druk beteken dat die drukker jou inventaris teen minder as die gebruiklike groothandelprys verkoop.✓✓ Jy wil dit nie hê nie, omdat hulle, indien hulle met oorblywende goedere sit, dit teen enige lae prys wat hulle kan kry sal verkoop.✓✓ **[30]**

OF

6.2 6.2.1 Meesterlisensiëringsfooi: Die fooi wissel direk volgens hoe belangrik die liedjie in eie reg is✓✓ (bv. was dit 'n nommer een enkelopname of 'n obskure snit op 'n album?), die statuur van die kunstenaar✓✓ en hoe dit in die film gebruik word✓✓ (bv. is dit in die agtergrond oor 'n radio vir tien sekondes,✓✓ of word dit in die geheel gespeel, met aksie op die skerm wat die lirieke volg,✓✓ sodat dit dramatiese inhoud/betekenis aanneem en die storie se verloop bevorder?).✓✓ (12)

6.2.2 Tantièmes: Indien die ooreenkoms opnameregte ook insluit, is die tantièmes tipies tussen 11 en 14% van die kleinhandelprys, pro rata.✓✓ Weer eens, as jou meester die sleutelmeester op die album is (byvoorbeeld, as dit die enigste liedjie op die album van agtergrondmusiek is✓✓ of as dit die enigste treffer op 'n album met andersins mindere kunstenaars of onbekende/obskure liedjies is), behoort jou tantièmes hoër te wees.✓✓ Jy kan gewoonlik 'n begunstigde posisie (Engels: 'favoured nations treatment') vir die meester kry (wat beteken dat niemand 'n hoër tantième kry nie),✓✓ ten minste sover dit ander bestaande meesters betref. Die filmmaatskappy wil gewoonlik die reg hê om hoër tantièmes te betaal vir opnames wat vir die film geskep is.✓✓ (10)

6.2.3 Verhaling: Aangesien daar geen opnamekoste is nie, is die enigste ding wat verhaalbaar is die vakbond se hergebruikfooie,✓✓ wat ook onderhandelbaar is.✓✓ Die fooi wat betaal is om die opname in die film of televisieprogram te gebruik behoort onder geen omstandighede verhaalbaar te wees nie,✓✓ alhoewel 'n klein voorskot vir die gebruik van die LP/CD betaal mag word ($1 000 tot $2 000).✓✓ (8)

[30]

VRAAG 7

7.1 Die terugvalling/reversie van kopiereg verskil van die beëindiging van kopiereg ingevolge die Kopieregwet,✓✓ omdat die terugvalling 'n kontraktuele voorwaarde is wat spesifiek onderhandel word sodat die uitgewer jou liedjie (kopiereg en al) op 'n sekere tydstip in die toekoms aan jou kan teruggee.✓✓ (4)

7.2 In watter gevalle behoort terugvalling/hertoewysing plaas te vind? Die vernaamste (kortstondige of outomatiese terugvalling) is dat die liedjie na jou terugval as dit nie opgeneem en kommersieel vrygestel word nie.✓✓ Indien jy werklik bedingingsmag het, kan jy die liedjie terugvra behalwe as dit deur 'n vooraanstaande kunstenaar opgeneem is✓✓ of ten minste onder 'n bekende etiket verskyn het en/of as dit 'n sekere trefferlysposisie, sê maar die Top 50 gehaal het.✓✓ (6)

7.3 Wanneer jy in die superliga in beweeg, of in 'n bieëry betrokke is, kan jy vir die hertoewysing van alle komposisies vra, of hulle opgeneem is of nie.✓✓ Die tydraamwerk hierop is gewoonlik vyf tot vyftien jaar ná die einde van die eksklusiewe termyn, met die meerderheid in die sewe- tot twaalfjaar-raamwerk.✓✓ Dit is gewoonlik gekoppel aan terugbetaling/vergoeding, byvoorbeeld, tien jaar ná die termyn sal die uitgewer slegs hertoewys as jy betaal.✓✓ In hierdie geval, gebruik eerstens die reg om die onverhaalde balans (onthou om jou opsie te behou) te betaal, in welke geval jy jou liedjies gouer terugkry✓✓ en maak tweedens seker dat jy die liedjies terugkry wanneer jy uiteindelik betaal, selfs al is dit vyf of tien jaar later. Moenie aanvaar dat die kontrak enigiets hiervan sal insluit as jy nie vra nie, want dit sal gewoonlik nie.✓✓ (10)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou